# ANONIEM

**Datum:** 25 Augustus 2010
**Plek:** Hermanus
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Weerkundige, Leier en Senior Weerkundige |Marion 7 en 8, Oornames | Vanaf 1951

**V:** Nou vertel net eers weer hoe dit gekom het dat u by die Weerburo begin het?

**A:** Wel, ek was aanvanklik in Pretoria by die Buro van Standaarde (SABS) gewerk, en toe 'n ruk na ek daar begin het, kom 'n nuwe aankomeling daar. En ek vra toe vir hom waar kom jy vandaan; toe sê hy van die Weerburo af. Ek sê hoekom is jy daar weg; toe sê hy want hulle wil my Marion-eiland toe stuur. Toe sê ek maar dis wat ek graag wil doen. En ek is toe dieselfde middag na die Weerburo toe gegaan en gevra of hulle vir my werk het. Maar dit moes insluit dat ek Marion-eiland toe kan gaan. Toe't hulle gesê ja, ons soek nou reeds 'n man! En toe sê hulle vir my ... Ek dink dit was ... Ek het op die 2de Julie 1951 by die Weerburo begin werk, en die skip sou in Oktobermaand eiland toe gaan. So ek het so drie maande gehad om voor te berei. En dit was toe ... Ek moes toe al die instrumentasie leer wat die Weerburo sou gebruik op die eiland, en ek het toe ook dieselfde tyd, het hulle vir my gesê die aflostydperke was tot op daardie stadium elke ses maande, maar dit sou in die toekoms elke twaalf maande wees. En dit sou beteken dat ek 'n keuse gehad het – óf ses maande óf agtien maande. En ek kies toe die agtien maande. En dis hoe ek eintlik daar uitgekom het op die eiland.

**V:** So u moes binne drie maande leer om met die instrumentasie te werk. Kan u nog onthou watse instrumentasie dit was?

**A:** Ja wel, dit was al die gewone weerkundige waarnemingsinstrumente, maar die een wat die belangrikste was, was dat hulle die radio, Kanadese radiosondes destyds gebruik het. En as jy kyk na die instrumentjie wat hulle vandag met die ballonne opstuur, dis omtrent so 10 cm by 5 x 3, en destyds was hy seker omtrent ... wel, baie naby aan 'n halwe meter lank ...

**V:** Genugtig!

**A:** En omtrent 15 cm by 15 cm in breedte en ... 'n halwe meter lank ongeveer ... 15 by 15 cm sy deursnit. En hy't seker baie naby aan 'n kilogram en 'n half geweeg. Deesdae is dit 'n kwessie van gramme. So ek moes die instrumente leer, en wat meer is, ek ... Die hele stelsel op die eiland het nie meer gewerk nie, en ek moes toe nuwe toerusting saamneen en vervangingsapparaat om die bolugstelsel weer aan die gang te kry. Dit was my hooftaak gewees.

**V:** Om so 'n groot bolugapparaat in die lug te kry, het mens seker ook 'n stewige ballon nodig?

**A:** Ja, dit is groot ballonne wat destyds gebruik is, en hy't die bykomstige probleem gehad dat jy hom moes in kookwater sagmaak voor jy hom kon vol waterstof maak. En die waterstof is plaaslik gemaak in groot silinders, waar jy moet aliminium en bytsoda – was die materiaal wat

gebruik is om die waterstof te genereer – en ons moes elke dag daai silinder skoonmaak. En dit het gemeen dat jy met 'n koevoet nou stamp aan die saamgeperste oorblyfsels van die aliminium en bytsoda.

**V:** So dit was nogal 'n groot werk gewees?

**A:** Dit was ... Ons het in die oggend gewoonlik vyfuur begin met die ballon en by sesuur losgelaat, sodat jou berig betyds vir die aguur-weerwaarneming in Pretoria kon wees.

**V:** Sjoe.

**A:** En dan was die res van die oggend, was ... Daar was drie van ons. Nou ons het die gewone weerwaarnemings gedoen en dan moes ons een voltyds gaan silinder skoonmaak om die volgende lading te maak vir die waterstof, en een van die ander ouens moes toe nog aangaan met die bereiding van die instrument, want hy moes herhaaldelik getoets word om seker te maak dat sy kalibrasie nog in stand is. En dan was daar natuurlik maar al die gewone takies: jy moes help om kos aan te ry van voor van die stoor af na die kombuis; ons het gelukkig nie nodig gehad om aartappels te skil elke dag nie, want ons het 'n man gehad wat net aangestel was om dit te doen.

**V:** Om aartappels te skil?

**A:** Wel, om die kos ... Hy was die kok. Gewoonlik was dit die mediese ordonnans wat daai dae se voltydse taak ... Kyk, daar het nie ouens siek geword eintlik nie, so hy was nie nodig om siek mense te verpleeg nie, maar hy was kok gewees.

**V:** Hy moes kosmaak.

**A:** Hy was die voltydse kok gewees.

**V:** Het julle arbeiders saam gehad?

**A:** Nie heel aan die begin nie. Ons het later van tyd, daar in 1949... 1959 se kant, toe was daar wel arbeiders gewees. Maar in die beginjare was daar nie arbeiders nie. Wat ons het wel gehad, was 'n skrynwerker, om die geboue in stand te hou, en 'n dieselwerktuigkundige. Andersins was daar nie arbeiders nie; daar was later, soos ek sê, by '59 se kant.

**V:** Toe u die eerste keer af is – die spanne was so ag mense groot gewees?

**A:** Ja, dis reg.

**V:** Wie was die ander twee meteoroloë wat saam met u af is?

**A:** Kyk, hulle was reeds daar toe ek daar kom. En die twee van hulle wat daar was, was Hannes le Grange en John Borain. Albei van hulle is al dood teen hierdie tyd. En toe is hulle na die einde van hulle ses maande, is hulle weg. En toe was daar Koot Kruger en Kiewiet van der Merwe saam met my. En toe het Koot Kruger siek geword en hy's weer weggeneem in Oktober, en die man wat toe in sy plek gekom het, was Laurie Malherbe. Ek dink hy bly nog hier by Wildernis.

**V:** O? So die ou wat siek geword het, was dit ... Wie't besluit hy moet teruggaan? Het julle maar oor die radio besluit?

**A:** Kyk, hy't vantevore het hy... Vantevore het hy nierprobleme gehad, so hy't geweet watter simptome daar is. En toe't hy gereeld deur hierdie mediese ordonnans – en eintlik direk ook – gerapporteer aan die dokters in Pretoria van sy siekte. Maar die dag voor die skip ... Toe dit nou besluit is dat die skip hom sal kom haal, toe't hy so die twee, drie dae voor die skip sou kom, moes ons sy hare vir hom baie mooi knip, en die dag toe die skip aankom, toe stap hy baie vrolik af. Die dokter wat nog saamgekom het om hom te kom haal, het net gesê hy't gekom ... hy moet dié ou ... Hy't gedink hy moet dié ou se lewe te red, en hier stap die ou ...

**V:** Heel vrolik!

**A:** Kom groet hom hier by die boot. Ons was almal oortyd al, want die ou het al die simptome geweet, sodat almal moet dink hy's baie siek, maar hy was nie baie siek nie. Maar toe't ons agterna gehoor hy was bekommerd gewees dat sy meisie hom gaan verruil vir 'n ander ou.

**V:** Vir 'n ander ou? O, oukei. Is hy en die meisie toe getroud? Weet julle?

**A:** Nie sover ek weet nie; nie sover ek weet nie. Want hy het toe ... Hy't ook nie by die Weerburo gebly nie. Hy't toe weg. Hy het toe laterhand by die Reserwebank gewerk vir 'n tyd.

**V:** Maar terug nou na die eerste tog af eiland toe. Was dit nog ... Op watter skip was dit? Kan u nog onthou?

**A:** Ja, dit was die fregat, die Transvaal.

**V:** O, was dit nog die Transvaal gewees?

**A:** Ja.

**V:** So was dit nog die Weermag wat hom ook bedryf het, die Vloot?

**A:** Ja, ons het die Vloot se skepe vir 'n hele tyd gebruik nog. Daai jare was dit die Transvaal gewees.

**V:** En die skip wat die meteoroloog kom haal het, was dit ook die Transvaal?

**A:** Nee. Dit was 'n ander skip gewees van die landmeetkundemense; die Protea.

**V:** O.

**A:** Ja, daar was een wat hulle gebruik het om opmetings langs die kus te doen. Die Protea het hom destyds kom haal daarso. Al die ander kere was dit die Transvaal gewees, of die Natal, wat hulle gebruik om te vervoer.

**V:** Kan u iets onthou van die skeepsreis? Dis mos rowwe sees.

**A:** Ja, ek sal jou sê, ek het die hele reis af eilande toe, het ek op die dek deurgebring, want ek was so seesiek gewees soos 'n hond. En ek het eers omtrent die laaste twee, drie dae, het ek ... Nee, die laaste twee dae kon ek darem regop staan.

**V:** Oukei ... !

**A:** Maar snaaks genoeg, toe ek nou na die eerste, na die agtien maander terugkom, het ek glad nie siek geword die hele reis nie. En lateraan – watter jaar was dit? 1956 ... ’56 of ’57 ... ’56.

**V:** Ja, ’56.

**A:** Toe ek weer af is eiland toe, toe was die see ... Hulle het toe materiaal saamgevat om ‘n totale nuwe ballonkamer te bou en ‘n nuwe weerkantoor. En die see was so onstuimig gewees dat die helfte van die boumateriaal is oorboord gewaai.

**V:** Sjoe.

**A:** Dit het oorboord gegaan met die branders. Dit was so stormagtig gewees dat, toe ons by die eiland kom, het die kaptein besluit ... Ek praat nou van ... Ek het nou ‘n stuk uitgelaat; hierdie is 1956. Dat die see so onstuimig was dat die kaptein van die skip toegelaat het dat die skip voor die storm uit dryf na die ooste toe op, net om aan die gang te bly. En die see was so dat die kok kon glad nie kosmaak nie; al wat ons geëet het daardie tyd, was sop. Hy kon net sop kook, want hy kon die deksel ...

**V:** Ja, hy kon die deksel opsit en ...

**A:** Ja. En ek het nie soveel ... Die matrose het seesiek geword, maar ek het nie seesiek geword nie.

**V:** Werklik?!

**A:** Ek kon dit nooit verstaan nie.

**V:** So u het imuun geraak daarteen?

**A:** Nie permanent nie!

**V:** O, nie permanent nie?! Maar in hierdie ’56-storm ... Ek het dit dat daai jaar het ‘n *Petty Officer* verdrink, of is dood op die eiland. Weet u iets daarvan?

**A:** Nee, dit was vroeër gewees.

**V:** *Petty Officer* Bold.

**A:** Nee.

**V:** Daar’s iemand oorlede gewees tydens die anneksasie.

**A:** Ja, dit was een van die matrose gewees. Jo Daniels.

**V:** Jo Daniels? Maar blykbaar, in April ’56, is daar ‘n *Petty Officer* Bold wat verdrink het.

**A:** Ek kan wragtig dit nie onthou nie.

**V:** Oukei. En daar’s ‘n kruis opgesit by die basis ...

**A:** Die kruis is opgesit vir Jo Daniels eintlik.

**V:** Daar’s nog ‘n kruis.

**A:** O? Ek onthou dit nie.

**V:** Maar u kan wel onthou dat die see werklik rof was?

**A:** O, dit was verskriklik.

**V:** Het julle diere afgevat?

**A:** Ek sal jou sê ... Onthou daai eerste keer wat ons afgegaan het, toe't ons van Durban af vertrek.

**V:** O, so was julle in '51 nog uit Durban uit?

**A:** Ja.

**V:** So is julle met die trein Durban toe, en toe ... ?

**A:** Ja. En daar was nog ... Die koerante in Durban onthou ek baie goed, met foto's was gewees, met die opskrif: "The four biggest tomcats in Durban are going to Marion Island".

**V:** O ja?

**A:** Ja. Die grap van die saak is dit was toe nie almal tomcats nie, want omtrent 'n maand na ons daar aangekom het, toe't twee van die katte kleintjies gekry. En dit ... Ek sien ja, ons het nie daai keer skape afgeneem nie.

**V:** Maar in '51, Oktober '51, het julle die katte afgeneem?

**A:** Ja. Maar dit was nie die eerste katte nie. Toe ons daar kom, was daar al klaar katte.

**V:** O, so daar's twee keer katte geneem.

**A:** Wel, daar was ... Ek weet nie wanneer hulle die eerste keer afgeneem is nie, maar ek sal vir jou sê dat in daardie tyd wat ek '51 daar was, was daar 'n ander ou ook op ... wat saam met ons op die skip afgegaan het – Bob Rand. Hy was 'n ou van Seevisserye. En hy't gegaan om die robbe te tel en so aan. En ons het beurte geneem om saam met hom om die eiland te loop, en daar was op daai stadium al ... was daar katte rondom die eiland.

**V:** O!

**A:** 1951.

**V:** Oukei. Die katte wat julle afgeneem het, kan jy enigsins die name onthou van die katte?

**A:** Nee, hulle het nie ... Ons het nie name gehad nie.

**V:** Nie name gehad vir die vier 'tomkatte' nie?

**A:** Nee, hulle het nie name ... Die ander ouens wat daar was, soos Le Grange en so aan – sommige van hulle het elkeen sy eie kat gehad. Maar jy sien, wat gebeur het, as daar nuwe mense kom, dan's hierdie katte soos ... hierdie ander, wild. Dan't hulle veld toe gehardloop en jy't hulle nooit weer gesien nie. En hulle was letterlik rondom die eiland gewees in '51.

**V:** Sjoe, in '51 al. So het julle om die beurt saam met Bob Rand om die eiland gestap?

**A:** Ja.

**V:** Hoe lank was hy daar gewees?

**A:** Jy't net vir daai ses maande daar gebly.

**V:** So het u self ook om die eiland gestap saam?

**A:** Ja, ja.

**V:** En hoe't julle dit gedoen? Het julle kos in die rugsakke gepak? Het julle tente gehad?

**A:** Ja, kyk, ek sal jou sê, toe hy begin het om ons saam te neem, toe't hy al alleen om die eiland gestap, en hy het al met die eerste paar reise, het hy al klaar ordentlike blyplekke uitgesoek.

**V:** O ...

**A:** Aan die suidekant van die eiland was daar 'n baie gerieflike grot gewees, en aan die westekant was daar 'n hutjie wat die robbejagters van die 1900's daar gebou het, en hy't nog gestaan daar.

**V:** So het julle in daai hut geslaap?

**A:** Ja, ons het in daai hut geslaap.

**V:** Was daar nog van die robbejagters se goed daar agter gewees, soos boeke of so?

**A:** Daar was nie boeke nie; daar was wel bottels piekels – wat nog eetbaar was. Maar daar was nie 'n ...

**V:** Het julle hulle probeer eet?

**A:** Ja, natuurlik. Ons het ... Dit was baie mooi geseël gewees. Maar daar was nie meer ander eetgoed in blikkies of so iets nie. Die piekels was in bottels gewees, dig gehou.

**V2:** Was daar goeters soos byle of ... ?

**A:** Byle, ja. Een van die ander ouens wat nog saam met my daar was, wat toe later in die tweede groep was, Du Plessis – hy was die radiotegnikus – hy't nog een van die byle saamgebring, wat hy hierso laat, baie mooi, reggemaak en laat chroom het.

**V:** Wow. Ek wonder ... Is die byl nog iewers in die rondte?

**A:** Ek weet nie, want hy's al dood.

**V:** Oukei. Hoekom moes Bob Rand die robbe gaan tel?

**A:** Dis Seevisserye...

**V:** Het hulle 'n paln gehad met die robbe?

**A:** Ek weet nie; ek dink dit was ... Hy't robbe getel. Aanvanklik het hy eintlik ... In daai jare was daar nie gewone robbe aan di oostekant van die eiland nie; hulle was almal aan die westekant. Hy die eerste ... En dit was 'n klein kolonietjie wa hy daar gekry het aan die westekant van die eiland – die gewone robbe, wat nie om sy pels gegaan het nie. Maar die see-olifante was volop. En hy't

die see-olifante getel, en toe't hy robbe getel. En hy't ook van die albatrosse en so aan 'n opname gemaak – hoeveel van hulle is daar en waar hulle is, en so aan. Maar dit is wat hy ... Dit was sy hooftaak daar gewees.

**V:** Dit is nogal baie werk wat hy verrig het.

**A:** O ja, hy ... Dit was 'n besige kêrel daai. Ek weet nie wat ooit geword het van al sy navorsing daar nie ...

**V:** Ons het van dit gekry, maar hulle het mos later jare geweldig baie bewaringsprogramme en so, toe kon hulle sien hoe die robpopulasies toegeneem het.

**A:** Ja kyk, die gewone robpopulasie het baie baie toegeneem.

**V:** Ja, baie.

**A:** Maar die albatrosse het ongelukkig bietjie minder geword. Maar daar's nog iets ander wat ek vir jou wou genoem het ... O ja. Ons het skape afgeneem.

**V2:** Wanneer?

**A:** Ek kan nie onthou of ons weer afgeneem het nie, maar ek dink ons het. Maar voor ons, in die groepe net voor my, het hulle skape afgeneem. En eendag toe soek hulle die skape; toe's hulle weg. Toe't hulle rondom die eiland nog geloop. Triegaardt is die ou wat nog daar was daai tyd. En hulle het toe ...

**V:** Eksuus. Daan Triegaardt? Was dit hy gewees?

**A:** Daan Triegaardt, ja.

**V:** So hy het om die eiland geloop?

**A:** Ja.

**V:** Oukei.

**A:** Ja. En hulle het toe ... Ek weet nie of hulle al die skape gekry het nie, maar daar was ten minste een wat agtergebly het, want toe Bob Rand omstap, toe't hy een van die skape raakgeloop van die eerste groep wat gekom het. En sy wol was so lank dat hy blind was; hy kon nie sien nie.

**V:** Ongelooflik.

**A:** En sy kloutjies ... Kyk, dis mos modder daarso. En hierso, die skape se pote sleit af, op die klip. Daai ene, toe ons hom kry – hy't hom toe huis toe gebring. Hoe hy hom die hele tyd gelei het, weet ek regtigwaar nie, maar hy't hom tot by die huis gekry. En sy kloutjies het toe ... Hulle was só lank, maar hulle het nie afgegroei nie; hulle het só gegroei.

**V:** O, so hy't sulke opstaankloutjies gehad.

**A:** Ja. En ongelukkig, die ding kon toe nie sien nie, en hy't sommer daar by die basis het hy, naby die basis, het hy van 'n krans afgeval, wat hy nie kon sien nie. En hy's dood toe daar.

**V:** Maar kon julle nie die vleis red en so nie?

**A:** Teen die tyd dat ons hom gekry het, was dit al te laat gewees. Toe was die skuas al daar.

**V:** O.

**A:** Maar ons het nog skape gehad, en ons het nog, in my tyd, het ons nog skape geslag daar. En ons het hoenders aangehou. En in die tyd toe ek afgegaan het, het die Departement Bosbou nog ses bome ook vir my gegee wat ek moes gaan plant.

**V:** Watse soort bome?

**A:** Daar's net een van hulle se name wat ek nog onthou. Daar is ... Ek sal bietjie moet dink daaroor, maar dit was bome wat hulle gehoop het daar sou groei.

**V:** O ... Hoe't dit gewerk?!

**A:** Nee, hulle het almal doodgegaan.

**V:** Maar u't hulle geplant?

**A:** O ja, baie ... en elke week omgegaan om te gaan kyk hoe gaan dit met hulle. Hulle het aanvanklik, terwyl die grond wat hulle saamgevat het nog genoeg voedingstowwe ... Kyk daai grond het nie ... Daar's nie baie grond wat voedingstowwe aanbetref nie.

**V:** So het hulle grond saamgestuur, saam met die bome? In die sakke?

**A:** Ja, en terwyl dit ... Toe dit nou opgebruik was – die voedingstof daarin – toe't hulle almal doodgegaan.

**V:** Het julle probeer tuin maak; tamaties groei of sulke goed?

**A:** Nee wat, dis ... Ek glo nie daar sal enigiets op daai plek groei nie, behalwe die gras wat daar is en die mos.

**V:** Oukei. Hoe was dit om om die eiland te stap? Was dit swaar soms gewees?

**A:** Gedeeltes van die pad is ja, want jy't gedeeltes gekry wat absoluut oorblyfsels van lawavloei was, en dis moeilik om op te loop. Dan is daar ander plekke weer wat bedek was met mos, maar die mos het gate toegemaak, en dan trap jy ... jy dink jy trap op iets, en dan's jy tot by jou knieë in hierdie mos in. En wel, daar's natuurlik weer ook groot gedeeltes wat jy moeras het wat jy deur loop, wat ook moeisaam was. Maar ons het gewoonlik die eerste dag geloop tot aan die suidekant van die eiland; dan die tweede dag het ons omgeloop tot by die hut. Dan't ons 'n dag daarso gebly. En die vierde dag het ons daarvan af weer tot by die huis geloop. So dit het vier ... En dit was die gewoonte daar almal neem 'n bietjie ekstra kos saam om daar te los vir geval iemand dit later nodig het. En dan het jy natuurlik gekry die lui ouens, wat nie baie lus was om iets saam te dra nie; as hulle geloop het, het hulle al die kos wat vorige ouens daar gelos het, opgeëet.

**V:** Ai-ai-ai.

**A:** Jy kry sulke ouens ook.

**V:** So hoe groot groepe was julle? Oukei, Bob Rand het 'n slag alleen omgeloop ...

**A:** En dan't hy gewoonlik net twee mense saamgevat. Hy en iemand anders.

**V:** O, dan was julle net twee gewees.

**A:** Ja.

**V:** En dan moes jy help tel as jy saam om was?

**A:** Wel, hy't ... Ek het foto's geneem vir hom op een plek, daar aan die westekant van die eiland, waar hy besig is om 'n rob te ondersoek – dis een van die foto's wat daar was.

**V:** Wonderlik.

**A:** Maar andersins nie. Ek moes vir hom ander goedjies bring. So, hy wou byvoorbeeld weet ... die Rockhopper pikkewyne, wat daar naby die basis was, hoe lank sit hulle op die nes. Want hulle lê 'n eier in die nes en hulle broei. Dis nie soos die Koningspikkewyne wat die eier tussen hulle voete dra nie. En ek moes vir hom 'n dingetjie bou wat gemeet het elke keer as die pikkewyn op die nes gaan sit, en dan hoe lank hy daar sit en wanneer hy weer opstaan, goed vir hom maak.

**V:** Dit klink vir my na ingewikkelde goed om te bou!

**A:** Ja, hy't nou baie mooi gevra. En toe op 'n stadium het sy kamera ook opgehou om te werk. En toe't hy vir die kamera gegee om reg te maak, en ek het hom aan die werk gekry. Maar hy kon nie meer ... Jy kon nie meer die spoed van die kamera stel nie. Hy't net 'n vaste spoed gehad. Al wat jy kon verander was die lensopening; dis al wat jy kon verander. Maar hy't al sy foto's geneem gekry daarmee.

**V:** Ongelooflik!

**A:** En toe, om vir my te betaal daarvoor, het hy toe vir my sy rolprentkamera present gegee, en dis toe waarmee ek die 8-mm rolprente gemaak het, na hy weg is.

**V:** Wonderlik.

**A:** En daai selfde kameratjie het ek toe later Antarktika toe gehad, as ek reg onthou.

**V:** Oukei. Toe't die skip nou ... Julle is Oktober af; wanneer het die skip weer gekom?

**A:** Hy het Aprilmaand gekom.

**V:** Toe bring hy die hele nuwe span wat vir 'n jaar bly?

**A:** Ja, dis reg.

**V:** Wie was daar die spanleier gewees?

**A:** Dit was ek.

**V:** O, was u toe die spanleier?

**A:** Ek was nie spanleier met die eerste ene nie, want die outjie wat daar onder was, die radiotegnikus ... Jimmy Rook was die spanleier gewees. En toe hy nou weggaan, toe word ek die spanleier.

**V:** Oor Jimmy Rook ... Rook's Bay – op Marion is daar mos 'n Rook's Bay. Is dit na hom vernoem?

**A:** Ja.

**V:** Wanneer omtrent het dit sy naam gekry?

**A:** Ag, ek dink dit was maar seker daar rondom bt '50, '51, toe ek daar was.

**V:** So het hy ook omgestap? Sou hy ook tot daar gestap het?

**A:** Nie so ver ek kan onthou nie.

**V:** Oukei. So dis definitief ... Rook's Bay is maar na Jimmy Rook vernoem?

**A:** Ja. Soos Triegaardtsbaai Daan Triegaardt s'n was.

**V:** Oukei.

**A:** En daar was nog Bogaardsrivier ook, wat na 'n ander ou vernoem is.

**V:** Ja, en nou's daar 'n Bob Rand Peak ook. Ek weet nie of Bob Rand ... Het hy ooit binneland toe gestap?

**A:** Ja, hy het binneland toe gestap, want hy't name gegee aan 'n paar ander plekke ook aan die suidekant van die eiland. Een van die kosse wat ons daar gekry het, wat ons in blikke saamgedra het, was Santa Rosa Plums, en daaroor sal jy kry op Bob Rand se kaarte, is daar 'n Santa Rosa Hill ook.

**V:** O! Nou wat het die Santa Rosa Plums met Santa Rosa Hill ... ?

**A:** Dit was een van die kosse wat ons om die eiland gedra het, want as jy dors was, was daai suurpruime nogal lekker gewees.

**V:** Ja, die hele vallei daar is nou Santa Rosa Valley, met daai vulkane ... vulkaniese goed. Oukei. Het hulle vooraf vir u gesê u gaan die leier wees van die span vir die jaar op die eiland?

**A:** Kyk ek sal jou sê, toe ons op pad af eiland toe was, toe was daar van die ouens wat saam was, wat wou hê ek moes oorneem by Rook op daai stadium. Toe't ek gesê nee; dié man het al ondervinding hier. Ek is nuut. Want hulle het gesê, wel dis 'n weerkantoor; die man in *charge* van die weerkantoor moet eintlik in bevel wees. Toe't ek gesê nee, ek sal dit liewers nie doen nie; los dit soos dit is. Ek sal die ander keer oorneem, later.

**V:** Oukei. Nou wat was u take dan gewees as leier?

**A:** Wel, jy moes sorg dat al die ouens hulle werk doen wat hulle veronderstel is om te doen, en dat die voorrade in orde gehou word. Om eintlik al die onaangename take te verrig.

**V:** Is dit?! Moes ‘n mens skakel ... Die Weerburo daai tyd, was dit al onder Departement Vervoer, of was dit nog by die Weermag gewees?

**A:** Nee, dit was by Vervoer.

**V:** Was dit onder Vervoer gewees? Wie was die hoof gewees van die Weerburo?

**A:** Op daai stadium was dit Dr Schoeman.

**V:** Was dit nog Dr Schumann? Het u Dr Schumann ontmoet?

**A:** Ja.

**V:** Het u hom geken?

**A:** Ja.

**V:** Het hy ooit gepraat nog van Bouvet-eiland, dat hy graag ... ?

**A:** Kyk, ek sal vir jou sê, daar’s ‘n ander man wat by die Weerburo was wat baie belang gestel het in Bouvet, en dis Mnr Engelbrecht, want hy was op ‘n stadium op Bouvet gewees. Hy wou nog graag hê ons moes ‘n weerstasie daar sit, maar dit het geblyk dat dit fisies onmoontlik sou gewees het om daar ‘n sinvolle weerstasie op te rig op Bouvet.

**V:** Dis nog steeds onmoontlik om ‘n sinvolle weerstasie daar op te rig ... !

**A:** Ja kyk, want jy sien, as jy ‘n volledige weerstasie wil hê, dan moet jy ballonne opstuur en jy wil in staat wees om hulle te volg. En daar was nie een plek op Bouvet waar jy so ‘n stasie kon oprig, waar jy ... Aan die noord-westekant van die eiland was daar ‘n moontlikheid, maar omdat al die winde omtrent uit die weste uit kom daar, sou dit ... binne die eerste vyf minute sou dit agter die berg verdwyn – jy sou nie die ballon kon volg nie. So dit was toe nie ‘n baie praktiese proposisie vir my nie.

**V:** Dr Schumann ... Ek gaan nou bietjie oor hom vra, want soos ek kan aflei van die argiefdokumente, wou hy nogal geruime tyd gehad het Suid-Afrika moet ‘n weerstasie stig. Hier in vroeg 19 ... Net toe hy begin het by die Weerburo, in 1933, het hy al geskryf oor weerstasies op Tristan en op Gough. Hy t nou nie Marion genoem nie; Bouvet het hy wel genoem. Het u toe saam met hom gewerk tydends die Internasionale Geofisiese Jaar? Hy was mos Suid-Afrika se teenwoordiger.

**A:** Ja.

**V:** So was u ook betrokke gewees?

**A:** Ja kyk ... Ek spring nou maar weer ‘n bietjie. Beide Le Grange en ek, toe ons hoor van die Britse Gemenebes (Commonwealth of Nations) ... Fuchs wat oor die Pool wou trek ...

**V:** Dis nou Fuchs en Hillary?

**A:** Ja. Toe ons daarvan hoor, het beide van ons vir Fuchs ‘n brief geskryf en gesê, luister, ons wil ook hier ingesluit wees. En toe het Fuchs gesê as ons toestemming van die Weerburo kan kry, dan ja.

Nou Dr Schumann het onmiddellik ja, ja – albei van ons. En toe was dit ... Le Grange sou afgaan in ’56 ... Want kyk, die Geofisiese Jaar sou gewees het van ’57 tot ’58 ...

**V:** (Dis) verleng.

**A:** Toe sou hy afgaan ... Jong, ek moet nou baie seker maak dat ek nie ...

**V:** Ek kan ook net die datums gaan vasstel.

**A:** Ek kan nou nie presies onthou watter jaar nie, maar Le Grange sou afgaan vir die eerste jaar; dan sou ek afgaan en by hom oorneem. Nou net in daai tyd, kry die Weerburo toe nuwe toerusting van Finland af, om ballonne te volg. En ek’s toe die enigste ou wat weet hoe om daai goed te installeer. Toe, omtrent ... ag, dit was seker ‘n maand voor ek gereed was om te trek ... Onthou Dr Schumann het toe nou alles gereël. Toe’t Dr Schumann nog briewe geskryf vir Anglo-American – al dié ouens, om vir hulle te vra om geld by te dra tot hierdie ekspedisie, maar hulle wou nie. Maar elk geval, toe stuur Engelbrecht ... Toe kom hy eendag na my toe, toe sê hy vir my Dr Schumann het besluit dat ek nie meer daai mag afgaan van nie, want hulle dink dis belangriker dat daar op Marion-eiland ‘n ballonvolgstelsel geinstalleer word om die ballonne te volg, en aangesien ek dit kan doen, moet ek dit gaan doen. Ek sê ek gaan nie meer ...

**V:** Nie meer Antarktika toe nie ...

**A:** Toe raak het nou baie heftig en so aan.

**V:** Ek kan dink; ek sou ook.

**A:** Toe sê hulle vir my, as ‘n troosprys, kan ek saamgaan met die ekspedisie, maar ek moet weer terugkom. Natuurlik, toe ek daar onder was, toe sê Fuchs vir my, wat sal hulle nou maak as die skip vas ys? Ek sê dan sal hulle niks ...

**V:** Doen nie!

**A:** Elk geval ...

**V:** So u was toe af met die NV Theron, dink ek?

**A:** Nee, nee. Die NV Theron was die eerste een; die tweede een was die Magadan.

**V:** So u was af met die Magadan gewees en Fuchs het nog so half gehoop dit ys vas?!

**A:** Ja, eintlik, toe ons op die skip klim, toe’t Fuchs vir my gesê ek moet saam met hom in sy kajuit kom; hy wil met my gesels. Kyk, hy’t baie hard probeer om ... Hy sou eintlik ... Ek dink as hy kon, het hy gebid dat die skip moet vassit in die ys, dat ek kan bly, want hy wou gehad het ek moet daar bly. Maar in elk geval, toe’s ek af, en die skyfies wat ek hier het, is hoofsaaklik almal op daai *trip* geneem.

**V:** Ongelooflik. So watter soort mens was Bunny Fuchs gewees?

**A:** ‘n Baie, baie aangename ou en ‘n perfekte leier. Hy was ‘n baie goeie leier onder die ouens. Hy was nie ‘n militaristiese ou nie. Hy was ‘n man wat mense eintlik gewilliglik gevolg het. Ek sou baie goed met hom oor die weg gekom het.

**V:** Hoe het hy toe op die ou end met Hannes le Grange reggekom?

**A:** Nee wat, dis oraait.

**V:** Is dit? Sou hulle graag dan twee meteoroloë wou gehad het?

**A:** Ja.

**V:** O, oukei. So hoe lank was u toe in Antarktika gewees? Dit was seker net ‘n paar dae?

**A:** Nee, ons het seker omtrent ... baie naby aan ‘n maand daar deurgebring.

**V:** O?

**A:** Jy moenie vergeet nie. Daar was op daai stadium ... was daar ‘n Britse ekspedisie. Kyk, daar was twee. Die Britse Antarctic Survey het ‘n basis by Halleybaai gehad. Ons het by Halleybaai ... ‘n klomp van die foto’s is by Halleybaai geneem.

**V:** O!

**A:** En hulle het daar ... Ons het afgekom ... Ons het toe nog vir hulle voorrade daar afgelaai; ook daar. En terwyl ... Toe ons daar gekom het, was die skip waarmee hulle afgegaan het – ek kan nie die ... die Polar Bjorn of so iets gewees. Toe’s hy daar. Toe’s ons saam met hulle daar. Ek het foto’s van die twee skepe bymekaar daar. En toe’t ons aangegaan. Na die tyd het ons aangegaan na Shackleton-basis toe. En ons het seker ... En daar’s vreeslik baie goed wat moes afgelaai word. En hulle het toe nog nie die geboue klaar gehad nie, so hulle het baie aan die geboue ... ipgerig daar nog. En hulle het robbe gejag om kos te hê vir hulle honde. Ja, ons het omtrent amper ‘n maand daar deurgebring.

**V:** O, so dit was redelike tydjie?

**A:** Ja.

**V:** Het u bietjie gesels met die meteoroloë daar; kennis uitgeruil?

**A:** Ja.

**V:** Daarso ook ‘n ballon of wat probeer opstuur?

**A:** Nee, hulle het nie. Al wat hulle daar gedoen het, is die klein ballonnetjies, wat hulle met teolodiet gevolg het. Ek het nog daarso my eerste ondervinding van geyste hande gekry, want ek was dom gewees; ek het nie my handskoene aangehou nie.

**V:** Is u gevra in ’59, einde ’59, toe hulle nou besluit het om die Noorweë-basis oor te neem, was u betrokke daarby gewees?

**A:** Ja. Was dit ’59? Ek dink dit was ‘n bietjie later gewees.

**V:** Hulle is ... Laat ’59 is die besluit geneem.

**A:** Ja, maar kyk, Noorweë het vir hulle kom vra wil julle nie maar hierdie basis ...

**V:** ... basis hê nie? Hulle wil net nie gehad het die Russe moet die basis oorneem nie.

**A:** Ja. Nou toe, op daai stadium ... Wel, op daai stadium het ek kinders gehad. Toe wil ek nie baie graag weggaan van die huis af nie. Maar ek is toe aangesê om die personeelbeplanning te doen – watse soort mense moet dit wees en hoe groot groep moet die wees. En toe is daar besluit op Hannes le Grange, want hy was toe al terug gewees. Hy sou die leier wees. Ek is nie altyd seker nou dit was die beste keuse gewees nie, maar aangesien hy die enigste ou was wat ondervinding gehad het, was hy die aangewese een gewees. En dis nie aan my gesê ... Ek dink daar was nie baie verhoudings tussen hom en sommige van die mense nie. Wat eintlik jammer was.

**V:** Maar was u toe saam met die skip af, om hulle af te laai?

**A:** Nee.

**V:** Nie?

**A:** Nee, ek was toe nie daar ... Want ek sal jou sê, in dieselfde tyd is daar toe besluit om veranderings op Marion aan te bring. Toe’s dit ... Terwyl die ander ouens Antarktika toe gegaan het, het ek weer Marion toe gegaan daai tyd – in ’59, as ek reg onthou.

**V:** Ek gaan nou weer ‘n hele sprong terugvat. In daai eerste jare op Marion, ’51 en ’52, wat het julle gedoen vir ontspanning?

**A:** Wat beskou jy nou as ontspanning?!

**V:** Wat het julle gedoen in die aande, as julle nie werk gehad het nie?

**A:** Daar was nie baie tye dat jy nie werk gehad het nie. As jy in die weerkantoor gewerk het, dan’t jy omtrent rondom die klok gewerk, wat ons lewe ‘n bietjie moeiliker gemaak het as die ander ouens s’n. Maar ons het ‘n projektor daar gehad; ons kon films wys. Ons het ‘n groot versameling gramofoonplate gehad, en ek sal jou sê, ek kon laterhand skreeu as hulle nog “Een aand op die trein na Pretoria” nog eenkeer gespeel het

**V:** Julle het die Briels plaat gehad?!

**A:** Ja. So ... O ja, dan natuurlik ... En dan’t ons tyd spandeer in die donkerkamer om foto’s te maak. Daar was nie eintlik ... Gelukkig, daar was groot boekery daar. Jy kon ... ek het baie boeke gelees. Maar daar was nie eintlik werklik enige ander tydverdrywe wat ons gehad het nie. Hulle het op ‘n stadium, het hulle daar ... Daar was een geboutjie, een gebou wat hulle gehad het ... waar jy *badminton* kon speel, maar hy ... baie klein.

**V:** O, so die balletjie het nie lekker gehop nie.

**A:** Nee, dit was nie baie lekker daar nie. En verder was daar nie eintlik iets wat die ouens kon doen om besig te bly nie.

**V:** Het julle nie, buiten die goed wat u moes gebou het vir Bob Rand, het mense nie dalk goed begin bou – vuurpyle en ... wat ook al?

**A:** Nee, nie eintlik nie. Daar was nie ... Kyk, meeste van die ouens het 'n vaste werk gehad. Soos die radio-operateur, vaste tye van die dag moet hy gaan werk; en die radiotegnikus moet ook gedurigdeur sien dat alles werk. So daar was nie werklik baie tyd vir ontspanning nie.

**V:** Enigiets nie. Hoe het kommunikasie met die huis gewerk?

**A:** Ons het ... elke week kon jy 'n brief van 200 woorde skryf en 'n brief van 200 woorde ontvang, en dan is dit met Morsekode gestuur.

**V:** O, is die nog met Morsekode gestuur.

**A:** Ja.

**V:** Kon julle soms met die radio praat?

**A:** Een van die ouens was ... Die du Plessis outjie wat ons die in die tweede jaar daar gehad het. Hy was 'n amateur gewees, so hy kon ons normale radiotoerusting gebruik asof hy ... of dit syne is. En hy het dikwels met die huis gepraat en af en toe het hy vir een van die ouens ook gereël om familie te kry om by die ander kant ook by 'n amateur uit te kom, dan kan hulle gesels. Maar andersins was daar nie eintlik ... Hier by Kersfeestyd, dan was daar 'n geleentheid gewees aan die Kaap om vir jou familie 'n boodskap te stuur.

**V:** En Midwinter? Het julle enigsins Midwinter gevier?

**A:** Ja, so op 'n ... nie so vreeslik vrolik soos wat die deesdae gaan nie, want ons het baie meer primitiewe bystand daar gehad as ... Ons het maar so 'n klein, stillerige partytjie gehou. En dan het die ouens beurte gevat om spesiaal kos te maak, dat die kok nie die kos ... En ek het nou onlangs ... het ek een van die spyskaarte wat ons gehad het ...

**V:** Ah, fantasties!

**A:** Ek weet nie wat daarvan geword het nie. Ek ... Hy's êrens in die huis. Die radio-operateur en ek het eenkeer spesiaal die kos aangebied. En hy, wat 'n Engelssprekende outjie was – hy's op daai foto; hy't nie eintlik goed Afrikaans geken nie – en hy het toe ... die spyskaart het hy op gewone kladpapier getik – jy weet, die kladpapier lyk mos soos perkamente as jy dit reg af... Hy't toe sy spyskaart gemaak op kladpapier en getik, en ek kan nie meer die kos onthou nie, maar ek onthou net een ding, op die end, toe ons daar by koffie of tee gekom het, het hy geskryf: "Koffie of tee as *jou* dit self wil gaan haal."

**V:** ... "as *jou* dit self wil gaan haal"! Dis nogal snaaks! Wat het julle gedoen vir melk? Van koffie en tee gepraat ...

**A:** Poeier.

**V:** Poeiermelk?

**A:** Ja.

**V:** Kan u onthou of daar iets is wat 'n mens mis op die eiland?

**A:** Wel, ek sou dink ons het ... die feit dat jy kan winkel toe stap en nou iets gaan koop wat jou hart begeer, wat nie daarso is nie. Want daarso ... daai dae het ons nog drank verniet gekry – nie baie nie; 'n bottel bier op 'n dag.

**V:** O, was dit so half gerantsoeneerd gewees?

**A:** Ja. En of 'n dubbel *tot* brandewyn of 'n dubber *tot* whiskey, of jy kon drank koop spesiaal, dan moet jy huis toe laat weet, dan't hulle dit was hou salaris afgetrek. Maar, ons mag ... As ek nou vir jou sê, ons kon 'n bottel rooi Johnny Walker-whiskey koop vir twee sjielings.

**V:** Twee sjielings?

**A:** Ja.

**V:** Ongelooflik; jislaaik! Nou wie't die drankkabinet se sleutel gehad? Die leier maar?

**A:** Ja. Kyk, ons het in die stoorkamer, het ons 'n spesiale plek gehad vir drank. En ons het sigarette verniet gekry. Ek het destyds nog gerook. Ons het hierdie pakke 50 Viceroy-sigarette gekry, net so soveel as wat jy wil hê.

**V:** Genugtig. En wanneer julle geëet het in die aand, het julle saam om die tafel gesit?

**A:** Ja.

**V:** Was dit 'n reël, of het julle dit maar net gedoen?

**A:** Nee, dit maar soort van die gewoonte gewees. Daar was ... Dis nogal eienaardig as jy so op so 'n eiland woon, wat 'n afgeslote gemeenskappie is. Dan kom ouens met snaakse gewoontes te voorskyn. Hierdie Kruger-ou – dieselfde ou wat siek geword het – het 'n gewoonte gehad, as ons in die aande gaan sit en eet het – en ons het altyd nagereg gekry, en nagereg is altyd ingemaakte vrugte met *custard* of onversoete kondensmelk.

**V:** Jis, maar dan moes julle mos nogal lekker baie geëet het.

**A:** Ja. En dan't hy sommer ... As ons by die tafel sit, dan sê hy 'wil jy jou nagereg hê vanaand?' As enige ou sê nee, dan sê hy oraait, ek vat dit. En dan eet hy niks ander kos nie; dan eet hy net al die ander ouens ...

**V:** ... die ander ouens se nagereg! Okei.

**A:** Ja, ons het formeel gaan sit en eet.

**V:** Het julle enigiets gedoen soos Sondae biduur gehou, of so iets?

**A:** Nee, niks nie.

**V:** Oukei. Toe kom julle nou terug Suid-Afrika toe. Wat is mens se eerste indruk van Suid-Afrika as jy nou 18 maande op die eiland was?

**A:** Laat ek sien ... Waar het ek nou van die skip afgeklim? Was dit weer in Durban, of was dit in die Kaap? Want jy sien, die skip het partykeer van Durban af vertrek en ander kere van Kaapstad af. En ek sal wragtiewaar nou, op hierdie oomblik, moet lieg om vir jou te sê waar ek afgeklim het. Want ek het nou 'n paar keer gegaan, maar daai eerste keer ... Ja, ons het in Durban afgeklim weer. En ek kan nie eintlik sê daar's iets wat ...

**V:** Opgeval het nie?

**A:** Nee, want ... Dit was vir ons snaaks, in 'n mate, om weer gewone klere aan te trek, want op die eiland het ons eilandklere aangehad, behalwe ons het met Midwinter, het ons almal vir daai dag, 'n gewone broek en baadjie aangetrek.

**V:** O, oukei.

**A:** Ja, en dan was die plek bietjie opgemaak. Ons het nou nie *crinckle paper* gehad nie; ons het maar toiletpapier afgerol om die plek te dekoreer.

**V:** Toe u nou terugkom, was u jare lank betrokke gewees – so verstaan ek – by die eilandprogram, by die SANAP-program.

**A:** Dis reg ja.

**V:** Tot wanneer omtrent?

**A:** Wel kyk, ek is toe in '56 weer af. Dit kon toe vir omtrent 8 maande gewees het – bietjie toerusting gaan opsit.

**V:** Hoe dit gewees het dat u net vir 8 maande daar is? Het hulle 'n skip spesifiek gestuur?

**A:** Ja. Ja, want ek is in daai tyd getroud.

**V:** O, oukei.

**A:** En hulle het vir my gesê ek gaan net af om die goed te installeer; dit sal nie meer as drie maande wees nie. En toe't dit nou nie gebeur nie. Toe word ek nou lateraan bietjie moegerig om daar te sit, want daar's 'n volledige span wat saam met my is. Daar's toe vier ouens op daai stadium, nie net meer drie nie. Toe's dit vier ouens gewees, plus ek.

**V:** Ja, so daar was vyf meteoroloë gewees.

**A:** Ja.

**V:** Die term "metkassie" – het julle dit toe al gebruik?

**A:** Nee.

**V:** Nie?

**A:** Nee, dit is iets wat later ingekom het. En toe't ek vir Mnr Engelbrecht toe gesê maar luister, jy't vir my belowe ek gaan nie so lank hier bly nie. En toe't hy ... hulle spesiaal vir die Vloot gevra.

Toe't die Natal afgegaan om my te kom haal; nie net vir my nie, maar 'n ou van WNNR, Raymond Weiss, wat die atmosferiese program vir die WNNR kom installeer het, dieselfde tyd.

**V:** O ...

**A:** Hy was hier van ... by Wits gewees, daar.

**V:** Die mense wat toe die span daar was, wie was die spanleier?

**A:** Wanneer?

**V:** In '56 nou.

**A:** Ek. Ek was die spanleier van daai groep tot ek weg is. Toe't Roets oorgeneem by my.

Comment [T1]: Volgens die naamlyste was Roets eers in '57-'58 daar as leier van Marion 14. En die lys noem glad nie vir Du Toit in die jare nie.

**V:** Roets?

**A:** Ja. Hannes Roets.

**V:** Toe't Hannes Roets oorgeneem?

**A:** Ja.

**V:** O, so dit was maar ... Julle het maar gefunksioneer as 'n gewone span – dit was nie mense wat nou van buite gekom ... ?

**A:** Nee.

**V:** Ook maar deelgeneem aan die afloswerk, om die weerballonne op te stuur en so aan.

**A:** Ja.

**V:** Wie was die ander meteoroloë gewees?

**A:** Wanneer?

**V:** In '56?

**A:** In '56 ... Dit was Dirk (sic) Bonnema, Willem van Huyssteen, Hannes Roets, Pottie Potgieter.

Comment [T2]: Marion 14, 1957-58

**V:** O, oukei.

**A:** Ja, dis reg.

**V:** Oukei. Toe't u dit gaan installeer; toe's u terug Suid-Afrika toe; betrokke gewees by die IGJ, wat in daai tyd ook was, en ...

**A:** Ja, dis reg. En toe's Gough ... In daai tyd, toe's Gough ook beplan.

**V:** Ja, ek dink die eerste ekspedisie Gough toe was so rondom '56 gewees.

**A:** Ja kyk, dis toe net Van der Merwe, wat saam met my op Marion was. Hy was in '52-'53 was hy op Marion gewees. En toe't hy saam met daai Britse groep gegaan na die oorspronlike plek, daar by Archway Bay, of iets van die aard, waar hulle was. Daar't hy ... Hy was die weerkundige. En toe lateraan – ek kan nou nie eens onthou watter jare nie – het daar toe finaal besluit om 'n

permanente basis op Gough op te sit, op 'n plek verder suid. Ek kan nie onthou watter jaar dit was nie, maar dit was na ... dit moes na '56 gewees het.

**V:** Ja, dit was na '56. Dit was ... Die program is so half amper, soos ek dit lees, op 'n amper half toevallige manier begin deur Crawford, wat afgegaan het en gesien het dit is ... Of hoe het dit gebeur?

**A:** Nee kyk, Crawford was op Tristan gewees, Tristan da Cunha, was hy. En hy het, in die tyd dat hy daar was, het hy een of ander keer daar afgegaan, want daai ouens van Tristan het na Gough toe gegaan.

**V:** In hulle *long boats*?

**A:** Ja.

**V:** Sjoe!

**A:** Ek sou dit nie gedoen het nie, maar ...! Maar hy het toe ... Ons het van daai bote op Marion ook gehad.

**V:** Het julle nog in '51-'52 van daai bote daar gehad?

**A:** Ja.

**V:** Het julle uitgegaan op hulle?

**A:** Ja.

**V:** Om te ... ?

**A:** As jy 20, 21 jaar oud is, dan vra jy nie rede nie!

**V:** O, so julle het nog Tristan *long boats* gehad op Marion?!

**A:** Ja, ons het twee gehad daar. Een was 'n bietjie beskadig, maar die ander ene het ons 'n petrol enjin voor ingesit en uh... ons het... uh... half om die eiland met hom. As dit mooi weer dae is... Ons het een keer afgegaan, dit was so 'n dag soos hierdie gewees.

**V:** Ongelooflik.

**A:** Toe gaan ons ... Was jy al op Marion?

**V:** Ja.

**A:** So jy weet waar East Cape is?

**V:** Ja.

**A:** Ons het omgegaan, by die East Cape verby. Toe't ons daar by 'n plek gekom waar daar 'n grot was waar Bob Rand 'n klomp komberse ingelos het. Toe't ons dié komberse op die boot gelaai. Toe ry ons nog verder af tot by Kildalkeybaai, waar al die Macaroni pikkewyne daar...

**V:** Ja, daar's mos so half 'n amfiteater.

**A:** Ja, ja. Toe't ons daar met die bootjie geland, en toe afgeklim en tussen die pikkewyne rondgeloop. En wat toe nog meer gebeur het, my horlosie het toe daar in die slag gebly – hy't in die see geval. En toe gaan ons nou die middag huis toe. Daar was, ek dink, vier van ons op die boot. En ons is toe op pad huis toe, en toe ons weer om East Cape wil gaan, toe't die see baie onstuimig geraak. En die water spat toe op die boot en spat op die enjin, en die enjin vrek.

**V:** Toe moet julle begin roei!

**A:** Ja. Nou roei ... Maar, jy weet, nie een van daai ouens kom van die see af nie; nie een van hulle is 'n boot gewoond nie. Ek het darem gelukkig, in die tyd wat ek op die Universiteit was, 'n paar keer geleer hoe om ...

**V:** Te roei ...

**A:** In 'n dam, nie op die see nie.

**V:** Maar was dit nou op Stellenbosch gewees, of waar?

**A:** Nee, op Rhodes.

**V:** O, was u op Rhodes?

**A:** Ek was ja. En toe gaan ons nou daar ... Jy weet ... O, wat verder gebeur het, die arm van die *rudder* waarmee ons stuur, het gebreek toe ons daar by Kildalkey afgegaan het. Nou moet ek so afgaan, ek moes toe stuur...

**V:** Oe ... !

**A:** En ek kyk laterhand die land so, maar ek sien ons gaan nou agteruit; ons gaan nie waar ons wil gaan nie. Toe sê ek vir die ouens whoa! ons moenie meer hier om probeer gaan nie. Ons gaan nou daai kant toe; ons gaan weer terug agter die Kaap, dan sal ons maar sien wat ons verder doen. En dat ek nou vir jou sê op daai stadium, toe's ons wragtig ver van die land af. En nou's die branders ook groot. Nou moet ons die boot omdraai, en as jy nou die boot moet omdraai, dan kan jy nie direk omdraai soos met 'n kar nie. Dan moet jy stadig opgaan op die brander, en as hy bo is, dan draai jy 'n entjie, en jy gaan weer stadig af, en ...

**V:** Klink nogal na 'n kuns ...

**A:** Ja, wat ek baie vinnig aangeleer het... Malherbe wat daar was, was een, en die man, die Van der Merwe wat die stoorman was, en ek, en wie was die vierde ou gewees? Daar was vier van ons.

Toe't ons teruggegaan agter die baai, agter die ding in, en ons het die bootjie toe daar gelaat, en ons het altyd saam met boot, het ons 'n opblaasbootjie saamgevat vir nood. Toe vat ons hom, en ons het nou die komberse wat ons by Bob Rand gevat het, en twee van ons slaap toe in hierdie bootjie ...

**V:** Op die see?

**A:** Nee, ons het net op die grond gekom.

**V:** O.

**A:** Sit ons toe daar, en ons het toe die nag daar geslaap. En die ander twee ouens het toe huis toe geloop. Die volgende oggend, toe't die dieselwerktuigkundige gekom met 'n nuwe Magneto vir die enjintjie, en hy't dit ingesit. Maar hy loop huis toe; hy ...

**V:** Hy gaan nie op die see nie! Sien nie kans hiervoor nie!

**A:** Toe ons by die huis kom, toe sê vir die ou haal hierdie enjin uit die boot uit, voordat ons weer ...

**V:** Weer in die versoeking kom! Ag moeder, ai! So het julle nooit oorweeg om Prince Edward toe te ry nie?

**A:** Nee, dis te ver. Ons sou nie met hom ... Ek sou dit nie gewaag het nie. Kyk, hulle het Prince Edward toe gegaan, maar nie met dié bote nie. Daar was, saam met die aanvanklike groepie wat saam met Crawford daar was, was daar 'n paar Tristan-ouens gewees, en ek dink húlle sou dit miskien gewaag het. Maar ek sou dit nie gewaag het nie.

**V:** Oukei. Was u self ooit op Prince Edward gewees?

**A:** Nee. Nee glad nie. Hulle het nooit daar gaan land nie.

**V:** Nou was daar in u tyd by die Buro 'n Minister gewees wat besonder belanggestel het in Marion; in die program?

**A:** Nie wat ek ooit van bewus was nie. Ek glo nie hulle het ... Nee, daar was nooit eintlik 'n Minister wat vreeslik baie belanggestel het in die Weerburo nie.

**V:** O, oukei. Was u by die Weerburo gewees in al die tyd wat dit nog by die Departement Vervoer was? Wanneer het u ... ?

**A:** Ja.

**V:** En met die oorgang na die Departement Omgewingsake?

**A:** Ja. Ek was toe daar; toe's ek nog daar.

**V:** O. So in u baie jare wat u nog vir die Weerburo gewerk het, was daar maar nooit 'n Minister wat dit ook nou sy werk gemaak het om na die Weerburo om te sien nie?

**A:** Nee, nee. Ek sal jou sê, die enigste ou wat werklik iets vir die Weerburo probeer doen het, was ou P.W. Botha.

**V:** O?

**A:** Jy weet, op 'n stadium het – ek kan nie onthou watter jaar dit was nie – was daar 'n groot storm gewees wat die Kaap getref het en 'n paar ander plekke in die land ook. En toe sê P.W. Botha ek moet vir hom kom verduidelik hoekom ons nie daai storm voorspel het nie. Toe gaan ek na hom toe, toe sê ek vir maar wel, ons Weerburo het nie die toerusting vir die mense om die voorspellings te doen soos wat in Europa gedoen word nie. Ek sê vir hom al wat ons het om op staat te maak, is die voorspellings van die Britse weerdiens. Ek sê en hulle het, omdat hulle nie so

baie belangstel in die fyn detail van óns weer nie, het hulle ... baie van hulle roosterpunte, waar hulle voorspellings maak, is bietjie ver uit mekaar uit. En die enigste twee wat ons hier gehad het, was ‘n punt in Botswana en die ander een in dieTranskei. Ek sê alles wat tussenin is ...

**V:** Baie van ons weer kom mos van die weste af?

**A:** Ja, ja. Maar jy weet, as jy voorspellingspunte het, dan sê dit vir jou dáár gaan dit gebeur, en hier ... Maar jy weet niks van was tussenin gaan gebeur nie, want jy’t nie jou roosterpunt nie, want ons het nie geld nie. Want ons kan nie ‘n groter rekenaar bekostig nie, en ons kan nie meer stasies opsit nie. Toe sê hy vir my maar hoekom privatiseer jy nie die Weerburo nie? Ek sê vir hom maar ek glo nie mense sal belangstel om aandele te koop in ‘n inrigting wat kostelose voorspellings uitreik nie. Toe sê hy vir my, nee, dis nie wat hy bedoel nie. Hy bedoel privatiseer, en dan laat jy die Staat betaal vir die diens wat jy aan hom lewer.

**V:** Aha, ek sien.

**A:** Ja. Toe sê hy, sien dat jy iets doen daaromtrent. Maar, ongelukkig was die Departement Omgewingsake se mense nie baie gediend daarmee nie, want as die Weerburo uit hulle uitval, dan’s daar ‘n klomp ouens wat ... wie se belangrikheid nou minder word.

**V:** Ah, ek verstaan.

**A:** En hulle het die hand en tand beveg. Ou P.W. Botha het agterna weer opdrag gegee dat dit moet gedoen word, en dit is werklikheid hoe ... In werklikheid is daar selfs konsultante aangestel, ten duurste, en hulle het gekom met voorstelle dat die Weerburo kan geprivatiseer word en dat hy dan ‘n diens lewer aan die Staat, maar hy kan ook vir ander mense geld vra vir voorspellings.

**V:** Sê nou maar vir lugmaatskappye en sulke goed?

**A:** Ja. Ek het met die idee gekom, ek het gesê as hulle vir elke passasier wat in Suid-Afrika, op Suid-Afrikaanse lughawens, op ‘n vliegtuig klim, R1-fooi vra, dan kan ons R10 miljoen ‘n jaar invorder, saam met ... Daarvoor word ‘n groot hap in die Weerburo se ...

**V:** Ja, dis baie geld.

**A:** ... Uitgawes. Toe sê Burgerlugvaart, nee, dit kan nooit gedoen word nie, ons kan dit nooit doen nie. Burgerlugvaart vra op die oomblik vir jou net meer vir lughawe, of jou lughawebelasting is meer as jou lugkaartjie ...

**V:** Ja, ek weet!

**A:** Dis wat hulle nou doen. Maar elk geval, die Ministers wat ons gehad het, was Dawie de Villiers – hy wou dit nie doen nie; ‘n ander ene wat daar was, was Kotze. En in elk geval was die paar ouens bokant my in die Omgewingsake, was só gekant daarteen. In werklikheid het die konsultante hulle verslag gelewer op ‘n Vrydagmiddag, en Kotze, wat toe Minister was, het gesê ja, dit kan gedoen word. So die Weerburo was geprivatiseer van Vrydagmiddag tot Maandagoggend. Maandagoggend, toe kom daar ‘n man wat in die administratiewe afdeling was

van die Departement, en hy kom en hy praat vir Kotze bang. Hy sê hoe kan jy Staatseiendom vir hierdie maatskappy nou gaan gee? Jy gaan in groot moeilikheid kom!

**V:** Ai-ai-ai.

**A:** Wat nonsens is, natuurlik! Want Bosbou is in daardie stadium ... Alexanderbaai se diamantdelwerye; almal daai goed is geprivatiseer al op dié stadium. Die Minister, Kotze, skrik hom boeglam. Hy sê nee, stop alles.

**V:** Agge nee.

**A:** Maar toe die Swart regering het toe agterna in elk geval die Weerburo uit die Staatsdiens uitgevat.

**V:** Ja, hulle het. Nou wanneer is die Weerburo geskuif van Vervoer na Omgewingsake?

**A:** Oktobermaand van 1985, dink ek.

**V:** Oktober 1985. U was toe hoof van die Weerburo gewees?

**A:** Ja.

**V:** Wanneer het u hoof van die Weerburo geword?

**A:** Begin ’84, as ek reg onthou.

**V:** Begin ’84. Oukei. So hoe belangrike afdeling van die Weerburo was in daai tydperk Antarktika en die Eilande?

**A:** Kyk, dit was nooit ‘n deel van die Weerburo gewees nie. Dit was al die tyd deel van Vervoer en deel van ... Hulle het ‘n Antarktika-afdeling gestig eintlik op ‘n stadium. Maar voor dit, het die Weerburo ‘n belangrike rol gespeel in besluitneming, want dit was die enigste mense wat belanggestel het. Niemand anders het belanggestel nie. Net die Weerburo, dis al. Ou Dr Schumann se woorde was: “Die enigste imperialiste in die land is die Weerburo.”

**V:** Dit is wonderlik! So Dr Schumann het belanggestel; die Weerburo het belanggestel in Antarktika ...

**A:** Ja.

**V:** En was betrokke by die besluitnemingsproses gewees.

**A:** Ja.

**V:** In hoe ‘n mate?

**A:** Totdat ‘n klomp administratiewe mense besluit het hier is ‘n ding wat ons kan gebruik om onsself te bevorder.

**V:** Ah ... Oukei.

**A:** Jy weet, jy moenie vergeet nie. As ‘n hen ‘n klomp kuikentjies om haar het, dan’s dit beter. Jy weet, tot op daai stadium was die Weerburo en sy doen en late eintlik ‘n las. Maar toe daar nou

... Toe Antarktika nou meer belangrik begin word en ... Toe's dit al hoe meer weggevat van die Weerburo.

**V:** En wanneer het dit begin gebeur? In watter dekade omtrent?

**A:** Ek sou se hierso van die '70's af het dit al meer geword.

**V:** En wie spesifiek het toe meer begin belangstel? Was dit administrateurs in die Departement Vervoer?

**A:** Ja, onder andere.

**V:** Onder andere. En wanneer het die wetenskap begin meer word? Die biologiese wetenskappe ... Wanneer het daai *shift*, wil ek amper sê, gekom; waar dit weer was, na wetenskap?

**A:** Ek dink dis omtrent in dieselfde tyd dat die NSF begin het. Kyk, moenie vergeet nie, dit was als deel van WNNR gewees, wat toe afgesny is en ... Maar omtrent in daai tyd, want toe het al hoe meer mense gesien daar gaan geld beskikbaar wees, en op daai stadium het die universiteite toe – vir die heel eerste keer ... Toe die universiteite begin dink hulle kan nou geld kry. Van toe af het die ding eintlik ... wel, spoed gevat.

**V:** Ja. Hoe belangrik, uit 'n meteorologiese oogpunt, hoe belangrik is 'n weerstasie op Marion?

**A:** Kyk, ek sal jou sê, met al die tegnieke wat betref satellietwaarnemings, is hy miskien nou nie meer so absoluut essensiëel nie, want hulle kan redelike goeie peiling doen van temperatuurprofiele en jy kan werklike weerpatrone sien beweeg uit jou satellietfoto's, so ek sou sê hy's nie absoluut lewensbelangrik – dat as hy nie daar is nie dan gaan alles tot stilstand kom nie. Maar hy het nog sy waarde. Antarktika miskien in 'n minder mate, want daar is 'n klomp ander lande wat weerstasies op Antarktika het. Maar ek sou sê Gough en Marion bly belangrik.

**V:** Toe die besluit geneem is om Gough 'n meer permanente stasie te maak, was u betrokke by daardie besluit gewees, by die reëlwerk?

**A:** Ja, ek het nog die gebou omtrent vir hulle geteken – wat ek in die gebou wil hê daarso.

**V:** Was dit nou gegrond op u ervaringe op Marion?

**A:** Ja.

**V:** Wat nodig is in so 'n gebou, en so?

**A:** Ja. Ek het byvoorbeeld aangedring daarop dat hulle moet vir elke ou 'n privaat slaapkamer gee, want op Marion het ons nog twee of drie in 'n kamer gehad op 'n slag.

**V:** Regtig?

**A:** Ja; heel in die begin ja. En ek dink, op so 'n plek soos daai, het jy definitief 'n plek nodig waar jy op jou eie kan wees by tye.

**V:** Ek probeer nou net verstaan hoe dit gewerk het, want dit lyk vir my daar's konstant natuurlik ander kommittees gestig. En dan's dit SANKAN en dan's dit SAKAN en dan is dit SASCAR en dan's dit dit en dan's dit dat. So, in die 1950's, was dit maar die Weerburo wat die mense verskaf het, en die Departement Vervoer wat die logistiek verskaf het?

**A:** Ja, behalwe dat ander Departemente partykeer bygedra het, soos iemand in die Poskantoor ... Ons het 'n Poskantoor-ou gehad wat partykeer kommunikasie gedoen het. Somtyds was dit Lugvaart se radiomense. Maar die administratiewe afdeling van die Departement van Vervoer het die administrasiewerk gedoen, maar daar was baie noues samewerking tussen hulle en die Weerburo oor ... en Publieke Werke ... oor alles en hoe dit werk en hoort te werk. En daar was natuurlik nog op daai stadium beperkte fondse. Dis eers nadat die ander navorsingsprogramme begin het dat geld sommer net ...

**V:** Begin kom het ...

**A:** Ja, begin volop raak het.

**V:** Toe was dit ... Die WNNR was eerste betrokke, en toe later die NRF?

**A:** Ja.

**V:** Oukei. En daar is toe komitees gestig, as ek dit reg verstaan, spesifiek vir wetenskaplike ... Wel, vir 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Komitee, ensovoorts?

**A:** Ja.

**V:** Het die Weerburo altyd mense gehad op daai komitees?

**A:** Ja, ek was Voorsitter van sommige van daai ...

**V:** Komitees?

**A:** Ja.

**V:** Het u dalk nog van die papierwerk iewers in 'n boks?

**A:** Nee, dit het alles agtergebly in die Weerburo.

**V:** Wie was die groot name gewees van daai tyd? U was die Voorsitter. Was daar ander deurloop gewees van mense wat vir 'n paar jaar betrokke was?

**A:** Wel, 'n paar ouens van die universiteit was daar gewees – Glenn Hills van Rhodes, wat ek toevallig goed geken het ...

**V:** Piet Stoker dalk? Was hy ... ?

**A:** Ja, Piet Stoker ook, ja. Ek het baie goed met hom oor die weg gekom, want hy was 'n baie eerlike wetenskaplike gewees; hy't nie vir homself op 'n verhogie geplaas nie.

**V:** Ons sien hom hopelik binne twee maande by Porch, ja.

**A:** Nee, ek het baie van hom gehou. Laat ek sien ...

**V:** Van Zinderen Bakker? Het u ooit met hom gewerk?

**A:** Nie baie nie. Nee, Glenn Hill was daar gewees, en Stoker ... Ek kan op die oomblik wragtig nie dink aan ‘n spesifieke ander ... Maar onthou, die komitees het verskillende velde gedek.

**V:** Was daar iemand van die Departement Buitelandse Sake gewees?

**A:** Nee, nee. O, daai een ou van Durban Universiteit het ook ... Ek kan nie nou sy naam onthou nie.

**V:** Lester King dalk? Was hy ‘n geoloog gewees?

**A:** Nee, hy was ook ‘n ou wat met bo-atmosfeer gewerk het; osoonwerk.

**V:** Ek sal gaan opsoek; dit behoort nie te moeilik te wees nie. Toe ek nou die woord “King” noem, toe dink ek aan ... Daar was nooit ‘n moontlikheid om saam met die Noorweë/Britse/Sweedse ekspedisie saam te gaan nie?

**A:** Nie wat ek van bewus was nie.

**V:** Dit was in ’52.

**A:** Daar was ja. Kyk, iemand van die Weerburo was in daai ...

**V:** Ja, dit was ‘n J.A. King gewees.

**A:** Ja, dit was die ou. Hy het laterhand, het hy ‘n Registrateur van Wits geword.

**V:** O, oukei. Het u hom geken?

**A:** Ja, baie goed. Hy was op die skip toe ek die eerste keer Marion toe is. Hy’s die ou wat vir my sop aangedra het op die dek!

**V:** O! Het hy gepraat ooit oor sy tyd saam met hierdie ekspedisie? NBSC ... ?

**A:** Nee, ek kan nie spesifiek onthou nie.

**V:** En Hannes? Het hy ooit stories vertel van sy tyd saam met Fuchs?

**A:** Nee. Nee, ek het nooit gehoor nie.

**V:** Oukei. So daar was ‘n paar wetenskaplikes gewees. Hoe baie het die Departement van Buitelandse Sake enigsins ‘n inset gehad? In Marion nou? En dan op ‘n ander vlak, Antarktika?

**A:** Nie by Antarktika nie. Ek sal jou sê, ek het met ‘n outjie van Buitelandse Sake meer te doen gekry toe ons met hierdie ... Wat het hulle die vier state genoem? Die Transkei en Botswana ... Daai ...

**V:** O ... Bophuthatswana? Wel, die Bantustans ... die tuislande.

**A:** Ja, ja. Toe hulle nou daar was, toe het ons mos daar ook wetenskaplike komitees gehad. En daar’s een outjie van Buitelandse Sake wat taamlik daarmee betrokke was – ek kan nie nou sy naam onthou nie.

**V:** Maar hulle het nooit vrae gevra vir die Weerburo nie? Byvoorbeeld, in die laat 1970’s was daar mos nou hierdie insident, die Vela Flash, wat opgeneem is en so ...

**A:** Ja.

**V:** Het hulle nie vir Weerburo vir inligting gevra of enigiets nie?

**A:** Niks.

**V:** Niks?

**A:** Nee.

**V:** So dit klink my nie hulle het baie belanggestel nie.

**A:** Ek sal jou sê, eenkeer wat ... Maar dit was nie eintlik Buitelandse Sake nie; dit was eintlik Krygkor gewees ... Dis natuurlik nou ook hoogs geheim gewees, moenie vergeet nie ... Hulle wou ... Hulle het klaar op daai stadium by die Duitser optiese stelsels gekoop om satelliete te volg, want hulle wou dit gebruik het om hierso by Bredasdorp hulle goed te volg. En toe het daar in Duitsland, by die regering, het begin vrae vra oor wat wil ons met so 'n ding maak? Toe't die Weermag se mense, en Krygkor, het toe na ons toe gekom, en ons moes toe groot lieg oor hoe ons dit sou gebruik, hierdie toerusting. En die Duitse Ambassade het mense gestuur om met my te kom praat oor hierdie ding. En ek dink hulle het dit van die begin af nie geglo nie, maar hulle wou ook graag, om Duitsland se agterkant te beskerm, wou ook graag saamspeel. Want hulle het toe een van die goed klaar gekoop, maar hulle moes eintlik drie kry, en die ander twee is nie afgelewer nie. Maar die eerste een is afgelewer, en toe, veiligheidsonthalwe, moes hulle hom terugkoop.

**V:** O, ai tog.

**A:** Ek sal jou sê ...

**V:** Maar dit was toe nie spesifiek met die eilande of Antarktika te doen gewees nie?

**A:** Nee, maar dit was genoem dat ons dalk op die eiland so 'n ding sou sit om satelliete te volg. Maar dit was alles oëverblindery.

**V:** O, oukei. En daar het soms wel Russiese skepe aangedoen by die eiland ...

**A:** Ja, ek weet van eenkeer wat dit gebeur het.

**V:** En dan wat? Moes hulle dit rapporteer aan julle? Was u daar gewees?

**A:** Ag wat ... Soos hulle het vir ons ... 'daar was nou 'n Russiese skip hier gewees; hulle het vir ons kom kuier hier op die eiland' – jy weet, so.

**V:** Oukei! So dit was nou nie asof daar 'n groot storie van gemaak is of iets nie.

**A:** Nee; nee wat glad nie.

**V:** Het julle skepe gesien destyds, in '51-'52, wat daar verby gevaar het?

**A:** Nooit; nie 'n enkele ene nie. En ook nie hierdie visserbesighede, wat hulle hierdie Patagoniese tandvis, of so iets ...

**V:** Niks skepe nie?

**A:** Daar was niks. Die enigste wat ons ooit gesien het, behalwe die skepe wat ons geken het, was 'n ysberg wat eenkeer verby gedryf het.

**V:** Dit was seker nogal 'n storie vir 'n bietjie opwinding?

**A:** Ja, dit was. Hy't taamlik naby verby gekom. Dit was nogal mooi om te sien. Hy't stadig ... Dit was twee dae wat ons hom gesien het.

**V:** Werklik?

**A:** Ja, hy beweeg nie vinnig nie.

**V:** Het julle ooit vis gevang by Marion?

**A:** Ons het vis gevang, ja. In Rock cod het ons daar gevang. Maar dis die maklikste visse wat ... Ons het daar gewone tou gevat en 'n gebuigde spyker en ingegooi ...

**V:** En dan trek julle uit?!

**A:** Ja. Nie eers aas aangesit nie. Maar Rock cod ... Maar net sekere tye van die jaar kan jy hulle eet, want ander tye het hulle wurms in. So jy moet hom altyd, as jy sy vel afgetrek het, moet jy hom teen die lug hou om te kyk hoe ...

**V:** O, dit klink nogal grillerig!

**A:** Ja, dit is grillerig. Maar andersins, dit was lekker vis gewees om te eet.

**V:** Wanneer is Dr Schumann weg by die Weerburo?

**A:** Hy't afgetree. Hel, laat ek sien ... Toe hy af is, het Mnr Van Rooy ... Toe was hulle nog daar in Lynnwood gewees. So dit is voor ... Ek sou sê Dr Schumann moet hier in die 70's afgetree het.

**V:** Ja, maar wanneer is hy weg by die Weerburo? Was dit nie vroeër nie?

**A:** Ek kan nie onthou dat hy vroeër weg is nie.

**V:** En toe het N.P. van Rooy hoof geword.

**A:** Ja.

**V:** En toe Engelbrecht?

**A:** Ja, dis reg.

**V:** En hoe't dit toe daarna geloop? Kan u onthou?

**A:** Ja. Na Engelbrecht was dit Le Roux, en toe Taljaard, en toe Triegaardt, en toe ek.

**V:** So dit was almal mense wat al op een of ander manier die eiland was, of baie van hulle?

**A:** Ja, behalwe Dr Schumann was nie daar nie, self nie. Van Rooy was ook nie daar nie.

**V:** Maar was hy nie in Antarktika nie?

**A:** Nee. Nee.

**V:** Nie?

**A:** Engelbrecht was wel by Bouvet. En Taljaard was ook nie op die eilande gewees nie.

**V:** Wat is sy voorletters? Is dit Johan?

**A:** Jan Taljaard, ja.

**V:** Daar was 'n J.J. Taljaard op die eilande gewees.

**A:** Is dit?

**V:** Ja, ek weet nie of dit nou noodwendig hy was nie.

**A:** Is dit met 'n enkele besoek, of was dit ... ?

**V:** Nee, dis op die spanlyste.

**A:** O ja, daar was 'n ander Taljaard gewees. Ja. Ja, daar was 'n Taljaard gewees, ja.

**V:** Oukei. So Antarktika, ook in die begin, was die weersopnames daar belangrik gewees?

**A:** O, baie belangrik, ja. Dit was uiters belangrik, veral toe daar nie satelliet ... Daar was toe geen satellietwaarnemings nie. En op daai stadium was daar ook nie drywende weerboeie gewees nie. Jy moenie vergeet nie, weerboeie het ook nog bygekom na die tyd. Nee, op daardie stadium was dit ... ag, ek sou sê, lewensbelangrik gewees; Gough en Marion.

**V:** Het u ooit afgegaan met die RSA? Op die skepe gevaar ...

**A:** Nee.

**V:** Nie. En die Agulhas?

**A:** Ook nie.

**V:** Nadat u nou by Marion was 'n paar keer, en op Antarktika, was u toe ooit weer af gewees soms?

**A:** Nee. Ek was, die laaste wat ek daar was, was in '59.

**V:** O, was dit in '59?

**A:** Ja.

**V:** En die Weerburo self, het julle iemand afgevaardig om te werk met Antarktika en die Eilande, of was dit maar 'n taak wat die hoof verrig het?

**A:** Nee kyk, daar was nie iemand in die Weerburo wat ne spesifiek daarop ... Daar was ouens vir sekere aspekte van die werk. J.R. van der Merwe het vir 'n lang tyd ... het hy omtrent alles gedoen daar. Voor hom het Piet le Roux dit gedoen.

**V:** En het julle soms gesukkel om mense te kry om te laat gaan? Of was dit maar iets waarvoor mense redelik maklik *gevolunteer* het?

**A:** Nee, daar was nie altyd iemand nie. Die ouens moes dikwels maar mense van die straat af vat. Daar was nie ... Jy weet, in my jong dae ... almal wou graag een of ander tyd op die eiland

gewees het. En jy het gekry dat 'n groot gedeelte van die mense ... Het jy al met Piet le Roux gesels?

**V:** Nee, nog nie.

**A:** Hy bly hier in Kleinmond. Kyk, hy't vir 'n lang tyd ... was hy eintlik my steunpilaar daar gewees, want hy't baie ... Hy was op die eilande en hy't dit intiem geken, die werk. So hy kon besluite neem daaroor wat ander ouens nie maklik kon geneem het nie. Kyk, hy was op Gough en hy't daai eenkeer toe Smalberger daar dood is, het hy die soekspan ... het hy uitgeneem soontoe. Jy kon altyd sien, as die ouens wat nie op die eiland was nie verantwoordelik oorgeneem het, dan't daar moeilikheid gekom.

**V:** Wat sal die rede daarvoor wees?

**A:** Ek weet nie. Ek dink as jy weet wat die omstandighede daar is, is dit vir jou baie makliker om te sien watter probleem aan die gang is. En as jy nie daar was nie, dan moes jy jou verlaat op wat ander ouens vir jou sê, en dit werk nie altyd nie.

**V:** So wat's die rede hoekom mense nie noodwendig graag wou gaan nie, wat vir die Weerburo gewerk het nie?

**A:** Ek weet nie. Ek dink daar's net 'n nuwe soort van, of 'n gebrek aan, avontuurlustigheid. Want ek het dit as 'n helse avontuur beskou. Dít wou ek doen, jy weet.

**V:** Ja, ja.

**A:** En meeste van die ouens, soos Triegaardt en Piet le Roux en ander ouens, Willem Huysteen, Dirk (Dick) Bonnema – ons het ... Dit was 'n ... Jong, jy wil sien wat gaan aan. Ander ouens het nie belanggestel nie.

**V:** 'n Later generasie ... Nou as julle mense so te sê van die straat af gekry het, is dit maar advertensies wat julle uitgegee het en ...

**A:** Ja.

**V:** Het die mense gekom want hulle het óf lus vir 'n avontuur of om 'n salaris te verdien en niks te betaal nie?

**A:** Ja, maar dit is ... Ek dink in baie gevalle was dit so gewees.

**V:** En toe julle nou in die '70's, in die '60's en '70's, het julle ooit gedink daar sal 'n tyd kom wat vrouens sal gaan? Wanneer het dit begin 'n vraag word, dat vrouens begin aansoek doen het of vra het dat hulle wil gaan?

**A:** Hoofsaaklik ná ek weg is, as ek moet sê. Ek kan nie eintlik dink wanneer dit spesifiek begin het nie, maar in my tyd was daar al sprake van gewees. Maar dit is nie tot uitvoer gebring nie.

**V:** En natuurlik het die gedagte dat daar swart mense mag gaan ... ?

**A:** Dit het ... Wel, jy moenie vergeet nie, heel in die begin was daar ‘n klomp Kleurlinge gewees wat betrokke was. Daai Joe Daniel was ‘n Kleurling gewees.

**V:** Joseph Daniels.

**A:** Joseph Daniels, ja.

**V:** Daar was mos ook een of twee Kleurlingarbeiders gewees? Heel aan die begin.

**A:** Ja.

**V:** Waarvan die een is ook oorlede, dink ek.

**A:** Ja.

**V:** Maar het julle hulle ooit ontmoet of met mense gesels wat hulle nog geken het?

**A:** Ek dink daar is een van hulle dood op die skip soontoe.

**V:** (Ja.)

**A:** Hy’t nooit op die eiland gekom nie. Nee, ek kan nie dink ... Ek sal jou net sê, ek onthou dat ... En dis een van die gesprekke wat hulle gehad het toe ons apart Antarktika toe was, het Fuchs ... het vertel dat hy dink dis moeilikheid soek om vrouens af te stuur. Toe vertel hy die storie wat gebeur het met ‘n Amerikaanse ekspedisie.

**V:** Ja?

**A:** Die Finn Ronne ekspedisie. Weet jy daarvan?

**V:** Jackie was saam met een ander vrou en dit klink my nie hulle het ooit met mekaar gepraat nie.

**A:** Ja, en sy’t ‘n affair aangehad met een van die ander ouens ook nog daar op die basis. En dit het amper gelei ... Kyk, dit was Bird se ekspedisie. Dit is ... Die ouens het mekaar omtrent vermoor daar op die basis. Toe sê Fuchs vir my dís waaroor hy bang is om vroumense te vat!

**V:** Oukei ... ! Wel ja, dit verander vir seker iets aan die spandinamiek wanneer dit ‘n gemengde groep is. Wanneer het u afgetree as hoof van die Weerburo?

**A:** In ‘93.

**V:** In ’93. So dit was net voor die verkiesing gewees?

**A:** Ja.

**V:** En was die Weerburo ... Tot en met daai tyd moes daar seker al sprake gewees het van ‘n nuwe basis op Antarktika, teen ‘93?

**A:** Ja, ja-nee.

**V:** Het die Weerburo insae gehad daarin?

**A:** Ja-nee, ek was betrokke daarby, want J.R. van der Merwe het vir my van alles vertel en my op hoogte gehou, en Piet le Roux. Nee, ek het geweet van daai basis.

**V:** O, oukei, ja. Maar het u toe ... as hoof van die Weerburo het hulle vir u ingelig?

**A:** Ja, ja.

**V:** So die Weerburo het ook op daai komitees gesit wat dit moes bespreek, ensovoorts?

**A:** Ja.

**V:** Was daar enigsins sprake gewees daai tyd dat die ANC dalk nie sou wou voortgaan met Antarktika nie?

**A:** Nee, ek het nie so iets gehoor nie.

**V:** Is dit? So dit was maar aanvaar dat – met al die politieke *turmoil* in Suid-Afrika – dit sal nog voortgaan?

**A:** Ja.

**V:** En hoe belangrik – en ek vra dit nou meer as 'n algemene vraag – dink u was dit vir Suid-Afrika om deel te wees van die Antarktiese Verdrag in daardie jare?

**A:** Wel, ek dink dit is nog steeds van belang. Want jy weet, dis nie net om op Antarktika self te wees nie, dis ook in die omgewing. En vroeër of later gaan daar 'n ... Jy weet, ek het nou al baie boeke gelees wat vir jou sê die volgende oorlog gaan nie wees oor olie nie; dit gaan wees oor water. En ek dink die een daarna gaan wees oor seevisserye. Daar gaan nie meer kos wees nie.

**V:** Ja.

**A:** En ek dink as jy darem nog 'n bietjie betrokkenheid het by die suidelike oseane is dit vir jou beter om dit te hê as om dit nie te hê nie.

**V:** En dink u dit was belangrik gewees in die tyd dat Suid-Afrika baie geïsoleerd was, dat dit die een verdrag was waarby ons nog betrokke was?

**A:** Wel, dit was darem die een plek waar ons soort van kon regop staan.

**V:** Kon regop staan ... ! So, die Weerburo se werk ... Ek het die boek wat die Suid-Afrikaanse Weerburo uitgegee het – was dit ook ... Net na die Internasionale Geofisiese Jaar, het die Suid-Afrikaanse Weerburo mos so 'n groot, belangrike boek gepubliseer?

**A:** Ja.

**V:** In later jare, is die Weerburo se werk nog steeds as van belang geag in die internasionale omgewing?

**A:** O ja. Kyk, want Taljaard het nog steeds in daai tye, het hy saam met ander mense publikasies uitgebring – Amerikaners ensovoorts. So ...

**V:** So daar was nog steeds 'n aspek van navorsing ook? Dit was nie net observasie nie.

**A:** O ja.

**V:** Dit was nie net observasie nie?

**A:** Nee, nee.

**V:** En dan 'n vraag wat ek graag wil weet, want dit is iets wat ek baie teëkom, wat gebruik word as dieselfde term – maar ek glo nie dis dieselfde term nie ... Wat is die verskil tussen 'n meteoroloog en 'n klimatoloog? Want dit word baie keer gebruik as wisselterme, maar dit klink nie vir my of dit dieselfde is nie.

**A:** Nee. As ek nou moet dit baie oorvereenvoudig, 'n klimatoloog sê vir jou wat het gebeur met die weer van Noag af tot nou toe; die meteoroloog sal vir jou sê wat nou gebeur en wat môre gaan gebeur.

**V:** Oukei, ek verstaan.

**A:** En as deel daarvan maak hy gebruik van die kennis ...

**V:** Van die klimatoloog ...

**A:** Ja.

**V:** Oukei. En meteorologie, dit word tog as 'n wetenskap beskou.

**A:** Ja.

**V:** Dis nie net 'n weerobservasie-tipe ding nie?

**A:** Nee.

**V:** Oukei. En die Poolfront – ek dink nou aan die Bergen meteorologiese skool ... Ek weet nie hoe mens dit uitspreek; in Engels die Bergen School of Meteorology – is dit nog so half 'n ding wat aanvaarbaarheid gehad het in die '50' en '60'?

**A:** O ja; o ja.

**V:** Van Bjerkness en dié mense?

**A:** Ja. Dit is ... Jy sal nou nog by vergaderings hoor, as iemand byvoorbeeld praat van om absolute hoogtes te gebruik, dan sal een ou – die Duitsers is veral lief om dit vir jou te sê – "Bjerkness must be revolving in his grave".

**V:** Oukei! Ek verstaan. Nou meteorologie, soos ek dit het – veral sinoptiese meteorologie – is nogal iets wat mens moet doen in samewerking met ander vir dit om rêrig sinvol te wees.

**A:** Ja.

**V:** So was daar darem 'n geredelike uitruil van inligting gewees in die Weerburo met ander weerburo's regoor die wêreld?

**A:** O ja.

**V:** En dit het dwarsdeur geloop?

**A:** Kyk, dit sal ek nou vir jou een ding sê, is ten spyte van al die isolasie, was daar altyd nog, deur al die jare, 'n baie goeie verhouding op 'n weerdiens tot weerdiens vlak. Ek sal vir jou sê, toe ons

besig was om ‘n nuwe rekenaar te probeer koop, toe ... Ek was op besoek aan Amerika, waar ek met hulle Buitelandse Sake-mense, met hulle weerdiens, almal gepraat het. En ons het die sterkste ondersteuning gekry van die Amerikaanse weerdiens en die Amerikaanse vlootweerdiens, van alle plekke.

**V:** O?

**A:** Die Amerikaanse vloot het baie sterk op die punt gestaan dat hulle moet vir ons ‘n uitvoerpermit gee om ‘n nuwe rekenaar te koop vir die Weerburo, want hulle was baie afhanklik van hierdie suidelike oseane se weervoorspellings vir die Amerikaanse vloot. So ons het nooit probleme gehad nie. En ek sal jou sê, op ‘n stadium, toe ons ... wel, dit was al hier in die ‘80’s, so die atmosfeer het al begin beter word, maar op daai stadium wou die Skandinawiërs nog glad niks met ons te doen hê nie. Maar ... O ja, jy weet toe’s daar nou sprake ons gaan nou miskien geld kry vir ‘n nuwe rekenaar vir die Weerburo. Maar toe kom die saak oor waar gaan ons voorspellingsprogramme kry, want ons het nie genoeg mense, weet mannekrag, om daai programme te ontwikkel nie. Toe het ons eers die Skandinawiërs probeer, want hulle het vir ons gesê ja, ja ... Maar hulle wil nie aan ons raak nie. Toe sê ek vir die voorspellers probeer die Britse weerdiens; toe sê die Britte o nee, julle is te blêrrie dom; julle sal nie weet hoe om dit te gebruik nie. Toe sê ek vir Geldshugt[?], wat nou nog die hoof-direkteur is; toe sê ek vir hom skryf bietjie ‘n brief aan die Amerikaanse weerdiens en dan vra jy vir hulle hoeveel sal hulle ons vra om hulle programme te gebruik vir weervoorspellings vir ons hierso. Toe kom die Amerikaners terug, toe sê hulle julle kan die verniet kry! Julle moet net ‘n man hier na ons toe stuur dat ons vir hom wys hoe om dit te gebruik. So, net so.

**V:** Net so maklik?

**A:** Ja.

**V:** En dan, hoe het dit gewerk? Het julle inligting gestuur – ek praat nou ook van destyds – van Marion na Pretoria, en dan het Pretoria dit gedeel met wie ook al gevra het?

**A:** Ja.

**V:** So Pretoria was so half ‘n sentrale punt gewees?

**A:** Ja.

**V:** Het julle gewerk saam met die Australiërs op Heard dalk, of ... ?

**A:** Ja, ek het vir ‘n tyd lank, het ek met een van daai outjies ‘n briewewisseling gehad oor ... Maar daar’s nie direk tussen Marion en Heard gesels nie. Ons het stilletjies dit self gedoen, maar eintlik het elkeen van ons ... Heard het sy goed na Canberra toe gestuur, en ons het ons s’n Pretoria toe gestuur. Maar jy weet, in daardie jare het die WO Suid-Afrika natuurlik in die buitenste duisternis uitgewerp, en op hulle rekords het gestaan dat die versamelpunt vir weerkunde hier in die Suidelike Halfrond, of Suidelike Afrika, was Lusaka gewees. Maar in werklikheid was dit nog steeds in Pretoria.

**V:** In Pretoria. Ek wou nou net sê dit klink nie vir my baie geloofwaardig dat dit Lusaka was nie!

**A:** Dit was nie. Dit was nog steeds Pretoria gewees. En almal het dit geweet, maar nie gesê nie.

**V:** Nie gesê nie; ek sien. Ek onthou nou, dit was ... In die tyd dat julle op Heard was, het Australië nog ‘n stasie daar gehad. En ek weet Ken Kockjoy het ook korrespondensie gehad met een van die mense, so dit was nog in daai eerste ses maande dat u op die eiland was.

**A:** O luister, Ken was saam met my daar in ’56.

**V:** Ja.

**A:** Dis reg.

**V:** Ja. So julle het met Heard gesels soms, sommer so oor die amateurradio?

**A:** Ja.

**V:** Suid-Afrika wou die heeltyd, of sporadies – so elke twintig jaar was daar oorwegings om op Bouver ‘n weerstasie op te rig.

**A:** Ja.

**V:** Hoe het julle dan te werk gegaan met Noorweë? Want dis uit die aard van die saak ‘n Noorweegse eiland.

**A:** Hulle was bewus daarvan, maar hulle het geen probleem gehad nie. Maar ek dink hulle het op daardie stadium ook al geweet dit ...

**V:** Dit gaan nie gebeur nie?

**A:** Dit gaan nie ‘n maklike ding wees nie.

**V:** So hulle het nooit dat hulle *observers* wou saamstuur of so nie?

**A:** Nie wat ek van weet nie.

**V:** Ook nie Antarktika toe nie? Want dit is ...

**A:** Nee.

**V:** Al is dit nou nie geldig nie, is dit op Noorweegse *claim* gewees.

**A:** Ja. Nee kyk, aanvanklik het hulle eintlik die ding aangebied en gesê wil ons dit nie hê nie.

**V:** Ja, hulle was maar al te ...

**A:** Maar hulle het nooit daarna enigsins moeilikheid gemaak nie, of onaangenaamheid gemaak nie.

**V:** Maar het hulle dalk saamgewerk op plekke?

**A:** Kyk, hulle het eintlik ... Ek dink hulle het nie genoeg geld gehad om baie betrokke te raak daarby nie.

**V:** Ja, hulle het mos olie daar eers in die ‘70’s ontdek, so toe’t dit eers ryk geword.

**A:** Ja. Die een ding wat hulle natuurlik nog steeds bly doen, is hulle wil nog steeds walvisse jag.

**V:** Ja.

**A:** En ek weet nie of dit enigsins ‘n invloed gehad het op hulle besluit om vir ons maar die stasie te gee nie.

**V:** Wel moontlik, want dit ... Maar soos ek die dokumente lees, verstaan ek dit was maar meer Amerika wat gesê het daar moet iemand wees, want die Russe gaan andersins die basis oorneem, en niemand gaan hulle kan keer nie.

**A:** Wel, hulle het in elk geval ‘n basis nie te ver daarvan af nie.

**V:** Ja, so hulle het ‘n paar basisse mos op Antarktika. Dis ook op die een plek waar die Amerikaners en die Russe baie uitgeruil het, dis Antarktika! Oukei, ek dink dis vir eers al. Ons het nou baie rondgespring en so, en ek is seker ek gaan nog met baie vrae vorendag kom.

**A:** Dis oraait.

**V:** Maar baie dankie!

**END VAN TRANSKRIPSIE**